

Maandag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 5:38-42

Fokusgedeelte: Matteus 5:38-42

Reg in eie hande neem?

Hoe tree jy op wanneer jy verontreg voel? Wat is jou reaksie wanneer iemand jou opsetlik benadeel? Die ongelowige sal meen dat 'n mens daardie persoon op 'n manier moet terugkry. *“Wanneer ek deur iemand seergemaak is, dan sál ek sorg dat daardie persoon óók seerkry.”* Dit is ongelukkig hoe baie mense van ons samelewing reageer.

Dit is egter nie 'n nuwe sondige tendens nie – reeds in die Ou-Testament het mense hierdie reaksie gehad. In onder andere Eksodus, Levitikus en Deuteronomium lees ons dat daar teenoor mekaar regverdig opgetree is: *“n Lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand ...”* (vgl. Eks. 21:24; Lev. 24:20; Deut. 19:21). Indien iemand jou benadeel het, moes presies dieselfde, deur 'n regter en 'n hof, aan daardie persoon gedoen word.

Hierdie opdragte van God was nooit bedoel dat mense reg in hulle eie hande moes neem nie. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het dit egter beskou as 'n manier om persoonlike wraak te neem. En daarom leer Jesus Christus sy navolgers om ánders op te tree. In plaas daarvan om sélf wraak te neem, wanneer ons te na gekom word, laat gelowiges dit oor aan God. Dit is immers sý reg om te straf – Hý sal vergeld (Rom. 12:19). Christus leer sy navolgers om eerder in hulleself te sterf, en nie so selfbehep soos die wêreld te wees nie. Hierin is Hy die Volmaakte Voorbeeld – nie net in sy Menswording nie, maar verál in sy bittere lyding aan die kruis (Fil. 2:1-10).

Wanneer jy verontreg voel, onthou: Dit gaan nooit vir 'n gelowige om sy/haar éie eer nie, maar om Gód se eer. Wanneer jy voel hoe iemand jou benadeel, dink aan jou Verlosser en leef as nuutgemaakte uit die krag van sý opstanding!

Sing: Psalm 68-1:1-3

Ds. LD Myburgh (Daniël) (Venterstad)